NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

12 Januarie 2022: Nr 01/2022

'n Woord vir 2022

James Kirkpatrick, assessor van die Noordelike Sinode skryf die volgende: "Die deur van 2022 is oop en ons is in. Die afgelope twee jaar het ons geleer om nie te ver vooruit te probeer sien nie. Die kerkkalender was verlede jaar nie die papier werd waarop dit gedruk is nie. Soms het dinge beter uitgewerk as wat ons verwag het. Ons kon sowaar 'n Kerssang-diens hou! Ander kere moes ons swaar sluk aan die teleurstelling van goed wat net nie kon realiseer nie. Met watter oë kyk 'n mens na die jaar 2022? Dalk lê die antwoord by een van Jesus se "kinderpreke". Die geleenthede waar Hy 'n kleintjie by Hom laat staan het en gesê het: "Julle moet verander en soos een van hierdie kleintjies (geringstes) word" (Matt. 18:3). As ons onthou wat die kind se plek in Jesus se wêreld was, kry dié oproep besondere betekenis. Kinders was nie gereken nie, kwesbaar en afhanklik. Wanneer jy na die wêreld kyk vanuit 'n posisie van afhanklikheid en nie van mag en beheer nie, lyk dit anders. Dan onthou jy die Jesus-woorde in die Bergpreek: "Kyk na die lelies van die veld... Julle Vader sorg vir hulle." Dan sing ons saam met Laurika Rauch die woorde van "Deur die oë van 'n kind":

Selfs die donkerste nag sien 'n kind as blou
En swartsteenkoolgrys sien hy effens grou
Want wie's dan nou bang
Vir die goed wat jou kan vang
As pappa jou styf vashou!
en
Sien 'n reënboog in droë woestyn
'n Glimlag wat breek deur die pyn
Jy vra waar's die hoop
En ek wys jou die son
Wat die oë van 'n kind sien skyn
...
Deur die oë van 'n kind is die wêreld geel
'n Strand waarop ons uitgelate speel

Kyk mooi. Die lewe is mooi!

Sinodenuus

Harmoniepark

Alle SASSA bejaardes – Neem asseblief kennis van die volgende advertensies.
Persone kan ook op *21 Januarie* om 14:30 luister na 'n gesprek op Pretoria FM 104.2 oor Harmoniepark. Hulle kan ook aanlyn luister by www.pretoriafm.co.za/popup-player/.

Navrae: ***Harmonie Oord***, 012 440 3137; ***Harmonie Hof***, 012 440 3357, of besoek www.harmoniepark.co.za.

❖ Tekslees met 'n verskil

Datum: *18 Januarie*
Skrifgedeelte: Nehemia 8
Kontak Fanie Cronjé (083 415 1452) of **Kobus Myburgh** (083 227 7185) vir navrae**.**
Zoom uitnodiging: Join. Zoom Meeting [Kliek hier];
Meeting ID: 921 9767 1478; **Password**: 453371

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Baie geluk

Marko en **Anika la Grange** [**Koedoeskop**] se seuntjie, *Eben*, is op *4 Januarie* gebore.

Nicky Hattingh [**Sanddrift**] het op *5 Januarie* verloof geraak aan *Charné Robinson*.

❖ Beroepe/Bevestigings

Jan Coetzer se ordening en bevestiging as leraar van **Vaalwater**, vind op *14 Januarie* plaas en hy lewer sy intreepreek op *16 Januarie*.

Riaan Odendaal [Waterberg] het die beroep na **Warmbad-Wes** aanvaar. Sy bevestiging vind op *6 Februarie* plaas. Hy neem op *20 Januarie*, om 9:00 afskeid van Waterberg.

Jaco Putter se afskeidspreek by Pietersburg-Noord vind op *23 Januarie* plaas. Hy het die beroep na **Witrivier** aanvaar.

Jeandré Slabbert het die beroep na **Villieria** aanvaar en sy ordening en bevestiging as leraar vind op *23 Januarie* plaas. Hy lewer ook sy intreepreek.

Hannes Bezuidenhout [Pietersburg-Noord] het die beroep na Krokodilrivier bedank.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar ...

10/01 Willem Pretorius [Kameeldrif]
Attie Buitendag [Emeritus]
13/01 Nico Haarhoff [Emeritus]
14/01 Michiel van der Merwe [Stabilis]
17/01 Tiaan van Niekerk [Rietfontein-Noord]
19/01 Fritz Snyman [Universiteitsoord]
Paul du Toit [Emeritus]
Toon van der Merwe [Emeritus]
Fanie Scheepers [Emeritus]
22/01 Pieter Simpson [Emeritus]

****

11/01 Suzette Burger [Eggenote van Corne Burger, Louis Trichardt]
15/01 Vera Viviers [Eggenote van Abraham Viviers, Waterberg]
16/01 Marlisa Burger [Eggenote van Paulus Burger, Ooskerk]
17/01 Jukie de Vos [Eggenote van Wouter de Vos, Wonderboompoort]
Anina Schunke [Eggenote van Carl Schunke, Koedoesrand]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

Mutare [08/01/1917]
Doornpoort [13/01/1990]
Brits [22/01/1949]
Wespoort [22/01/1949]
Villieria [22/01/1944]

❖ Eerstejaarskamp: 2022

Universiteitsoord beplan 'n kamp vanaf *31 Januarie tot 4 Februarie*. Kliek hier vir die **video** wat jou alles gaan vertel!

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Jaarprogram 2022 – Hiermee die programme wat Excelsus vanjaar aanbied. Kliek hier vir die Jaarprogram. Teken solank die datums aan en kyk uit vir die bekenstellingsmateriaal vir elkeen van die aanbiedings.

❖ Pelgrimsteologie

VBO-geleentheid aangebied deur die Hugenote Kollege en VBO-Forum
Datum: *17 Januarie – 31 Maart 2022* (Aanlyn)
Meer Inligting: Kliek hier vir die uitnodiging; Kliek hier vir die volledige kursus materiaal
Aanbieder: Nico de Klerk, 082 566 1484, nico@streetbiz.co.za

Ander nuus

❖ Christelike Lektuurfonds (CLF)

Laai die **"Week of prayer 2022 / Week van Gebed 2022"** op CLF se hulpbronsentrum af – Kliek hier op die volgende skakel: https://clf.co.za/resource-toolkit/

(1) Skrywer: Pastor Felix Meylahn – Lutherse Kerk Stellenbosch / Lutheran Church Stellenbosch
(2) Tema: "Pray the Psalms for Dear Life!"/ "Om te oorleef, bid die Psalms!"
(3) Dit fokus op: The process of orientation, disorientation and reorientation/ Die proses van oriëntasie, disoriënta en heroriëntasie
(4) Die volgende Psalms word behandel: Psalms 13, 16, 24, 46, 84 en 85.

❖ Bronze Baobab

Hulle bied op *12 Februarie* [09:00-15:00] 'n ***opleidingswerkswinkel*** aan **vir *kategete* en *ander jeuggroepfasiliteerders***
Kliek hier vir al die inligting asook om aanlyn in te skryf. **Navrae**: Michaela by 071 427 5045.

Hulle het ook 'n ***nuwe stel kaarte*** ontwikkel wat in belydeniskasse gebruik kan word. **Navrae**: Michaela Wright by 071 427 5045 of vir Roelf Opperman by 082 335 1156. Bestellings kan ook geplaas word by http://bronzebaobab.com/online-shop.php.

Naskrif